Ongeouditeerde verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële resultate

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2012

AFRIMAT®

Afrimat Beperk ("Afrimat" of "die maatskappy" of "die groep") (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/022534/06) Aandelekode: AFT ISIN Kode: ZAE000086302

Handhawing van konstante groei

■ Inkomste styg 32,5% ■ WVPA styg 17,4% tot 35,0 sent per aandeel ■ Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite styg 64,8%
■ Netto skuld:ekwiteitverhouding 5,3% ■ Netto batewaarde 504 sent per aandeel ■ Tussentydse dividend 8 sent per aandeel ■ Clinker-Groep verkry

Verkorte gekonsolideerde inkomstestaat

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Verandering %	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
Inkomste	**671 349**	506 717	32,5	**996 137**
Koste van verkope	**(510 230)**	(385 009)		**(749 841)**
Bruto wins	**161 119**	121 708	32,4	**246 296**
Ander inkomste	**355**	4 714		**7 893**
Bedryfsuitgawes	**(85 851)**	(60 901)		**(124 059)**
Bedryfswins	**75 623**	65 521	15,4	**130 130**
Beleggingsinkomste	**5 014**	4 462		**10 267**
Finansieringskoste	**(7 541)**	(5 533)		**(10 546)**
Aandeel in wins van geassosieerde	**33**	17		**42**
Wins voor belasting	**73 129**	64 467	13,4	**129 893**
Belasting	**(22 526)**	(19 584)	15,0	**(38 976)**
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**50 603**	44 883	12,7	**90 917**
Toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die houermaatskappy	**50 182**	44 579		**90 250**
Nie-beherende belange	**421**	304		**667**
	50 603	44 883		**90 917**
Uitgereikte aandele:				
Totale uitgereikte aandele	**143 262 412**	143 262 412		**143 262 412**
Tesourieaandele	**(104 240)**	(5 806 638)		**(6 145 174)**
Netto uitgereikte aandele	**143 158 172**	137 455 774		**137 117 238**
Geweegde gemiddelde aantal netto uitgereikte aandele	**142 593 027**	137 457 107		**137 371 771**
Verwaterde geweegde gemiddelde aantal aandele	**146 178 128**	139 483 285		**140 583 947**
Verdienste per gewone aandeel (sent)	**35,2**	32,4	8,6	**65,7**
Verwaterde verdienste per gewone aandeel (sent)	**34,3**	32,0	7,2	**64,2**

Rekonsiliasie van wesensverdienste

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Verandering %	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
Wins toeskryfbaar aan eienaars van die houermaatskappy	**50 182**	44 579		**90 250**
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(355)**	(4 714)		**(5 280)**
Herklassifikasie van wins met verkoop van finansiële instrumente	**–**	–		**(245)**
Waardedaling van klandisiewaarde	**–**	337		**337**
Totale belastingimpak van aanpassings	**100**	808		**999**
	49 927	41 010	21,7	**86 061**
Wesensverdienste per gewone aandeel ("WVPA") (sent)	**35,0**	29,8	17,4	**62,6**
Verwaterde WVPA (sent)	**34,2**	29,4	16,3	**61,2**

Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Verandering %	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
Wins vir die tydperk	**50 603**	44 883	12,7	**90 917**
Ander omvattende inkomste				
Netto verandering in billike waarde van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	**394**	(14)		**104**
Netto verandering in billike waarde van finansiële bates beskikbaar vir verkoop oorgedra na wins en verlies	**–**	–		**(245)**
Inkomstebelasting op ander omvattende inkomste	**(11)**	1		**(30)**
	383	(13)		**(171)**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**50 986**	44 870	13,6	**90 746**
Toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die houermaatskappy	**50 565**	44 566		**90 079**
Nie-beherende belange	**421**	304		**667**
	50 986	44 870		**90 746**

Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

	Ongeouditeerde 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene 31 Augustus 2011 R'000	Geouditeerde 29 Februarie 2012 R'000
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**498 750**	419 449	**425 906**
Ontasbare bates	**22 046**	13 490	**13 160**
Klandisiewaarde	**137 452**	101 195	**101 195**
Belegging in geassosieerde	**43**	20	**44**
Ander finansiële bates	**82 972**	83 051	**83 601**
Uitgestelde belasting	**2 166**	6 672	**5 406**
	743 429	623 877	**629 312**
Bedryfsbates			
Voorraad	**89 444**	84 282	**71 827**
Lopende belasting ontvangbaar	**3 109**	3 451	**3 133**
Handels- en ander debiteure	**231 790**	200 702	**163 548**
Kontant en kontantekwivalente	**123 877**	92 374	**132 557**
	448 220	380 809	**371 065**
Totale bates	**1 191 649**	1 004 686	**1 000 377**
Ekwiteit en laste			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	**1 435**	1 435	**1 435**
Aandelepremie	**347 787**	352 150	**352 150**
Besigheidsamevoeging-aanpassing	**(105 788)**	(105 788)	**(105 788)**
Tesourieaandele	**(635)**	(18 988)	**(20 559)**
Netto uitgereikte aandelekapitaal	**242 799**	228 809	**227 238**
Ander reserwes	**7 578**	3 765	**5 495**
Behoue inkomste	**467 236**	398 127	**435 564**
Toeskryfbaar aan aandeelhouers van houermaatskappy	**717 613**	630 701	**668 297**
Nie-beherende belange	**4 030**	3 511	**3 609**
Totale ekwiteit	**721 643**	634 212	**671 906**
Laste			
Nie-bedryfslaste			
Lenings – langtermyn	**79 938**	49 716	**44 838**
Uitgestelde belasting	**82 549**	67 050	**70 354**
Voorsienings	**32 510**	31 089	**31 260**
Aftreevoordeellas	**–**	2 367	**–**
	194 997	150 222	**146 452**
Bedryfslaste			
Lenings – korttermyn	**64 819**	36 048	**36 752**
Lopende belasting betaalbaar	**18 455**	12 205	**10 068**
Handels- en ander krediteure	**174 300**	143 378	**117 052**
Bankoortrekking	**17 435**	28 621	**18 147**
	275 009	220 252	**182 019**
Totale laste	**470 006**	370 474	**328 471**
Totale ekwiteit en laste	**1 191 649**	1 004 686	**1 000 377**
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**504**	443	**469**
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**392**	363	**389**

Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**94 261**	62 056	**171 049**
Rente-inkomste	**6 085**	4 974	**9 988**
Dividende ontvang	**35**	22	**22**
Finansieringskoste	**(6 887)**	(5 533)	**(9 238)**
Belasting betaal	**(6 634)**	(8 807)	**(25 478)**
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**86 860**	52 712	**146 343**
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	**(45 165)**	(39 601)	**(71 932)**
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**4 342**	13 939	**17 181**
Verkryging van finansiële bate	**(47)**	–	**(253)**
Opbrengs met verkoop van finansiële bate	**–**	–	**612**
Verkryging van sakeondernemings (aantekening 8)	**(85 762)**	–	**–**
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(126 632)**	(25 662)	**(54 392)**
Verkryging van tesourieaandele	**(5 714)**	(2 189)	**(3 760)**
Netto beweging in lenings (aantekening 5)	**56 028**	(5 123)	**(9 297)**
Dividende betaal (aantekening 2)	**(18 510)**	(15 120)	**(23 619)**
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**31 804**	(22 432)	**(36 676)**
Totale kontantbeweging vir die tydperk	**(7 968)**	4 618	**55 275**
Netto kontant aan die begin van die tydperk	**114 410**	59 135	**59 135**
Totale netto kontant aan die einde van die tydperk	**106 442**	63 753	**114 410**

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

	Aandele-kapitaal R'000	Aandele-premie R'000	Tesourie-aandele R'000	Besigheid-samevoeging-aanpassing R'000	Ander reserwes R'000	Behoue inkomste R'000	Nie-beherende belange R'000	Totale ekwiteit R'000
Saldo op 1 Maart 2011	1 435	352 150	(16 799)	(105 788)	2 692	368 668	3 207	605 565
Veranderinge:								
Aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	–	1 086	–	–	1 086
Beweging in tesourieaandele	–	–	(2 189)	–	–	–	–	(2 189)
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	–	44 579	304	44 883
Ander omvattende inkomste vir die tydperk	–	–	–	–	(13)	–	–	(13)
Dividende betaal	–	–	–	–	–	(15 120)	–	(15 120)
Saldo op 31 Augustus 2011	1 435	352 150	(18 988)	(105 788)	3 765	398 127	3 511	634 212
Saldo op 1 Maart 2011	1 435	352 150	(16 799)	(105 788)	2 692	368 668	3 207	605 565
Veranderinge:								
Aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	–	2 974	–	–	2 974
Beweging in tesourieaandele	–	–	(3 760)	–	–	–	–	(3 760)
Wins vir die jaar	–	–	–	–	–	90 250	667	90 917
Ander omvattende inkomste vir die jaar	–	–	–	–	(171)	–	–	(171)
Dividende betaal	–	–	–	–	–	(23 354)	(265)	(23 619)
Saldo op 29 Februarie 2012	1 435	352 150	(20 559)	(105 788)	5 495	435 564	3 609	671 906
Veranderinge:								
Aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	–	1 700	–	–	1 700
Beweging in tesourieaandele	–	(4 363)	19 924	–	–	–	–	15 561
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	–	50 182	421	50 603
Ander omvattende inkomste vir die tydperk	–	–	–	–	383	–	–	383
Dividende betaal	–	–	–	–	–	(18 510)	–	(18 510)
Saldo op 31 Augustus 2012	1 435	347 787	(635)	(105 788)	7 578	467 236	4 030	721 643

Verkorte gekonsolideerde segmentverslag

	Verdeling ses maande geëindig 31 Augustus 2012 %	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Verdeling ses maande geëindig 31 Augustus 2011 %	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Verdeling jaar geëindig 29 Februarie 2012 %	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
Inkomste						
Eksterne verkope						
Mynbou & Aggregaat	**66**	**439 942**	71	358 418	**70**	**704 509**
Betonprodukte	**20**	**134 017**	12	59 484	**12**	**116 112**
Mengbeton	**14**	**97 390**	17	88 815	**18**	**175 516**
	100	**671 349**	100	506 717	**100**	**996 137**
Tussensegmentverkope						
Mynbou & Aggregaat	**85**	**32 576**	85	20 853	**86**	**41 886**
Betonprodukte	**14**	**5 403**	14	3 300	**12**	**5 990**
Mengbeton	**1**	**145**	1	284	**2**	**1 057**
	100	**38 124**	100	24 437	**100**	**48 933**
Totale inkomste						
Mynbou & Aggregaat	**67**	**472 518**	71	379 271	**71**	**746 395**
Betonprodukte	**19**	**139 420**	12	62 784	**12**	**122 102**
Mengbeton	**14**	**97 535**	17	89 099	**17**	**176 573**
	100	**709 473**	100	531 154	**100**	**1 045 070**
Bedryfswins voor belasting						
Mynbou & Aggregaat	**79**	**59 398**	89	57 993	**85**	**110 809**
Betonprodukte	**16**	**12 714**	11	7 433	**11**	**13 852**
Mengbeton	**5**	**3 861**	2	1 403	**6**	**8 653**
Ander	**–**	**(350)**	(2)	(1 308)	**(2)**	**(3 184)**
	100	**75 623**	100	65 521	**100**	**130 130**
Bedryfswinsmarges op eksterne inkomste (%)						
Mynbou & Aggregaat		**13,5**		16,2		**15,7**
Betonprodukte		**9,5**		12,5		**11,9**
Mengbeton		**4,0**		1,6		**4,9**
		11,3		12,9		**13,1**
Ander inligting						
Bates						
Mynbou & Aggregaat	**55**	**654 555**	57	576 991	**55**	**543 750**
Betonprodukte	**10**	**121 761**	7	65 491	**7**	**69 026**
Mengbeton	**5**	**57 796**	7	68 750	**5**	**54 119**
Ander	**30**	**357 537**	29	293 454	**33**	**333 482**
	100	**1 191 649**	100	1 004 686	**100**	**1 000 377**

Kommentaar

VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die ongeouditeerde verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2012 ("die tydperk") is in ooreenstemming met die raamwerk konsepte en die erkennings- en metingsvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), die openbaarmakings- en aanbiedingsvereistes van IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, die AC 500-standpunte soos uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke, die Noterings-vereistes van JSE Beperk en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 2008, vereis word, opgestel. Die rekeningkundige beleid en metings- en berekeningsmetodes wat by die voorbereiding van hierdie ongeouditeerde verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state toegepas is, stem ooreen met dié wat in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012 toegepas is. Bogenoemde inligting is nie deur Afrimat se ouditeure nagesien of oor verslag gedoen nie.

Die ongeouditeerde verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is voorberei onder die toesig van die Finansiële Direkteur, HP Verreynne BCompt (Hons) GR(SA).

INLEIDING

Die ongeouditeerde verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die tydperk is positief beïnvloed deur die verwesentliking van Afrimat se strategiese inisiatiewe wat in vorige jare begin is, naamlik 'groei deur diversifikasie', asook die verkryging van die Clinker-Groep.

FINANSIËLE RESULTATE

Inkomste vir die tydperk het met 32,5% vanaf R506,7 miljoen tot R671,3 miljoen gestyg. Wesensverdienste het met 21,7% toegeneem, wat 'n wesensverdienste per aandeel van 35,0 sent (Augustus 2011: 29,8 sent) meebring.

Die Clinker-Groep is vanaf 1 Maart 2012 by die resultate ingesluit.

BEDRYFSOORSIG

Die verkryging van Clinker Supplies het bygedra tot die verhoging in volumes van Afrimat se sleuteldivisie, 'Mynbou & Aggregaat'.

Kontraktering, Oos Kaap en Glen Douglas Dolomite het soos verwag goeie bydraes gelewer. Goeie vordering is met die opgradering van Glen Douglas se toerusting is gemaak. Moeilike marktoestande het verkoopsvolumes in die ander streke nadelig geraak en hoë energiekoste en 'n staking in KwaZulu-Natal het ook 'n negatiewe uitwerking gehad.

Alle verwerkingsaanlegte is ten volle in werking en is goed geposisioneer om aan die markaanvraag te voorsien en sodoende volhoubare inkomste voort te bring. Afrimat se aanpasbare diensleweringsmodel, wat gebruik maak van mobiele toerusting, posisioneer die groep om voordeel te trek uit geleenthede wat in die toekoms opduik.

'Betonprodukte' is deur die verkryging van SA Block bevoordeel maar is gedurende die tydperk deur laer volumes en stakings in KwaZulu-Natal nadelig beïnvloed.

'Mengbeton' het hoër volumes in die Wes-Kaap ondervind, terwyl volumes in KwaZulu-Natal vanweë stakings afgeneem het.

BESIGHEIDSUITBREIDING EN VERKRYGINGS

Nuwe besigheidsontwikkeling bly 'n sleutelkomponent van die groep se groeistrategie. Die toegewyde besigheidsontwikkelingspan gaan voort om geleenthede in bestaande markte, sowel as streke waar hoë groei verwag word, te identifiseer en na te jaag.

Verkryging: Clinker-Groep

Soos vroeër op 15 Maart 2012 aangekondig, het die verkryging van die Clinker-Groep met ingang van 1 Maart 2012 onvoorwaardelik geword. Afrimat het 100% van die uitgereikte gewone aandelekapitaal van SA Block (Edms) Beperk en sy 100% filiaal, Clinker Supplies (Edms) Beperk ("Clinker-Groep"), verkry.

Die gebruik maak van die gesamentlike sterkpunte van Afrimat en die Clinker-Groep skep nuwe inkomstegeleenthede asook verhoogde winsgewendheid, in ooreenstemming met die groep se langtermyn diversifisering-strategie.

SEB

Bestaande SEB-aandeelhouers en Afrimat se swart werknemers besit in totaal 26,12% van Afrimat se uitgereikte aandele. Ondanks die ten volle bemagtigde aandeelhouding, bly die groep op 'n deurlopende basis toegewyd tot die verbetering van alle aspekte van SEB.

DIVIDEND

'n Tussentydse dividend van 8,0 sent per aandeel (2011: 6,0 sent) is op 31 Oktober 2012 vir die tydperk verklaar. Dit is in ooreenstemming met die groep se dividendbeleid van 2,75 keer dekking (wat gelykstaande is aan drie keer dekking indien sekondere belasting op maatskappye nog van toepassing was).

VOORUITSIGTE

Alhoewel die voortgesette korttermyn herstel van die sakeomgewing na verwagting stadig sal bly, verwag die groep om voordeel te trek uit sy strategiese inisiatiewe soos sy belegging in industriële minerale deur die Glen Douglas Dolomite-bedrywigheid en sy verkryging van die Clinker-Groep. In die lig hiervan sal aktiwiteite in 'Mynbou & Aggregaat' na verwagting die dominante drywer van groei bly.

Inisiatiewe gemik op die verhoging van volumes, verlaging van kostes en verbetering van doeltreffendheid sal die sleutelfokus in alle bedrywighede bly. Hierdie inisiatiewe, gesteun deur voortgesette produkdiversifikasie in aanloklike groeisektore, soos industriële minerale en oopgroefmynbou, behoort volumes verder te verhoog.

Namens die direksie

MW von Wielligh *Voorsitter*
AJ van Heerden *Uitvoerende Hoof*

1 November 2012

Aantekeninge

		Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Augustus 2012 R'000	Nagesiene ses maande geëindig 31 Augustus 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 29 Februarie 2012 R'000
1.	**Ander inkomste**			
	Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**355**	4 714	**5 280**
	Herklassifikasie van wins met verkoop van finansiële instrumente	**–**	–	**245**
	Vereffening van aftreevoordeellas	**–**	–	**2 368**
		355	4 714	**7 893**
2.	**Dividende**			
2.1	**Afrimat Beperk dividende verklaar ten opsigte van die huidige jaar se winste**			
	Tussentydse dividend verklaar	**11 461**	8 596	**8 596**
	Finale dividend verklaar			**18 624**
		11 461	8 596	**27 220**
2.2	**Dividendkontantvloei**			
	Huidige jaar tussentydse dividend betaal	**–**	–	**8 596**
	Vorige jaar finale dividend betaal	**18 624**	15 759	**15 759**
	Dividende ontvang op tesourieaandele	**(114)**	(639)	**(1 001)**
	Dividende betaal deur filiale aan nie-beherende aandeelhouers	**–**	–	**265**
		18 510	15 120	**23 619**
3.	**Kapitaalverpligtinge**			
	Goedgekeurde kapitaalbesteding gefinansier deur surpluskontant en bankfinansiering	**36 645**	35 151	**78 755**
4.	**Waardevermindering**	**28 913**	22 537	**45 735**
5.	**Netto beweging in lenings**			
	Beginsaldo	**81 590**	90 887	**90 887**
	Nuwe lenings	**80 758**	21 398	**39 960**
	Verkry deur middel van verkrygings	**7 139**	–	**–**
	Terugbetalings	**(24 730)**	(26 521)	**(49 257)**
	Eindsaldo	**144 757**	85 764	**81 590**
6.	**Ander finansiële bates**			
	Finansiering verskaf aan Afrimat-werknemers (SEB-transaksie)	**69 238**	69 519	**70 310**
	Rehabilitasietrustfonds en ander	**13 734**	13 532	**13 291**
		82 972	83 051	**83 601**

		31 Augustus 2012	Getal aandele 31 Augustus 2011	29 Februarie 2012
7.	**Beweging in getal tesourieaandele**			
	Openingsaldo	**6 145 174**	5 149 510	**5 149 510**
	Aangewend vir verkryging van Clinker-Groep	**(5 932 306)**	–	**–**
	Aangewend vir aandeleopsieskema	**(1 116 963)**	–	**–**
	Gekoop gedurende die tydperk	**1 008 335**	657 128	**995 664**
	Sluitingsaldo	**104 240**	5 806 638	**6 145 174**

8. Verkryging van sakeondernemings

Die besigheidsamevoeging ingesluit gedurende die tydperk is 100% van SA Block (Edms) Beperk en sy 100%-filiaal Clinker Supplies (Edms) Beperk ("Clinker-Groep"), vanaf 1 Maart 2012. Die aanvanklike verrekening van die besigheidsamevoeging is voorlopig.

Bedrae ingesluit is soos volg:

	Clinker-Groep R'000
Drabedrag (billike waarde) van netto bates	
Aanleg en toerusting	**60 579**
Ontasbare bates	**9 983**
Handels- en ander debiteure	**24 888**
Kontant	**9 238**
Ander bates	**13 840**
Bates	**118 528**
Uitgestelde belasting	**9 370**
Lenings	**7 139**
Handels- en ander krediteure	**17 070**
Ander laste	**401**
Laste	**33 980**
Netto bates	**84 548**
Bruto handels- en ander debiteure voor voorsiening vir waardedaling	**24 888**
Klandisiewaarde	**36 257**
Koopprys in kontant	**95 000**
Koopprys in aandele (5 932 306 aandele teen R4,35)	**25 805**
Wins na belasting van filiale ingesluit in resultate	**20 042**
Inkomste van filiale ingesluit in resultate	**111 693**
Verkrygingskoste ingesluit in Afrimat se bedryfsuitgawes vir die tydperk	**1 201**
Netto kontantuitvloei met verkryging van sakeonderneming	**85 762**

9. Gebeure na die rapporteringsdatum

Geen wesenlike gebeurtenisse het tussen die rapporteringsdatum en die datum van hierdie aankondiging plaasgevind nie.

10. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Bykomende waarborge ter waarde van R12,3 miljoen is gedurende die tydperk deur Standard Bank aan Eskom verskaf.

DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n bruto tussentydse dividend, No 11 van 8,0 sent per aandeel, ten opsigte van die ses maande geëindig 31 Augustus 2012 op Woensdag, 31 Oktober 2012, verklaar is.

Op die datum van die aankondiging is daar 143 262 412 uitgereikte aandele, waarvan 104 240 in tesourie gehou word en die totale dividend betaalbaar is R11 452 654 (2011: R8 247 346).

Hierdie is 'n dividend soos gedefinieer in die Inkomstebelastingwet, 1962, en is uit inkomstereserwes betaalbaar. Die Suid-Afrikaanse dividendbelasting ("DB")-koers is 15% en 'n sekondêre belasting op maatskappy krediet van 2,28804 sent per aandeel mag deur aandeelhouers aangewend word. Die netto dividend betaalbaar aan aandeelhouers wat aan dividendbelasting onderhewig is, is 7,14320 sent per aandeel, terwyl daar 8,0 sent per aandeel betaalbaar is aan aandeelhouers wat van dividendbelasting vrygestel is. Die maatskappy se inkomstebelastingverwysingsnommer is 9568738158.

Die toepaslike datums met betrekking tot die tussentydse dividend is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 30 November 2012
Handel sonder dividend neem 'n aanvang	Maandag, 3 Desember 2012
Rekorddatum	Vrydag, 7 Desember 2012
Dividend betaalbaar	Maandag, 10 Desember 2012

Aandelesertifikate mag vanaf Maandag, 3 Desember 2012, tot en met Vrydag, 7 Desember 2012, nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie, beide dae ingesluit.

Op las van die direksie

Maatskappysekretaris: **PGS de Wit**

1 November 2012

Direkteure: MW von Wielligh*^ (Voorsitter), AJ van Heerden (UH), HP Verreynne (Finansiële Direkteur), GJ Coffee, L Dotwana*, F du Toit*, LP Korsten*, PRE Tsukudu*^, HJE van Wyk*^
* *Nie-uitvoerende direkteur* ^ *Onafhanklik*

Geregistreerde kantoor: Tyger Valley Office Park No 2, hoek van Willie van Schoorlaan en Old Oakweg, Tygervallei, 7530 (Posbus 5278, Tygervallei, 7536)

Borg: Bridge Capital Advisors (Edms) Beperk, Frickerweg 27, Illovo, 2196 (Posbus 651010, Benmore, 2010)

Ouditeure: Mazars, Mazarsgebou, Rialtoweg, Grand Moorings Precinct, Century City, 7441 (Posbus 134, Century City, 7446)

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Maatskappysekretaris: PGS de Wit, Tyger Valley Office Park No 2, hoek van Willie van Schoorlaan en Old Oakweg, Tygervallei, 7530 (Posbus 5278, Tygervallei, 7536)

Maxx Corporate Communications®